LAEVELD AGROCHEM

Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

AREA: Leeudoringstad en omgewing

Chris Lubbe

Chris het sy grootwordjare in Pretoria, die Jakarandastad, deurgebring. Hy het sy skoolloopbaan by Hoërskool Waterkloof afgesluit toe hy in 2002 daar gematrikuleer het. Chris was nooit een vir die stad nie – skoolvakansies was in Prieska, Dwaalboom of Warmbad deurgebring, dit is waar sy liefde vir boerdery ontstaan het. In 2011 is hy met Marli, 'n Noordwes-nooi, getroud en hulle het twee kinders, Mia en Christiaan.

Hy het 'n CropLife-kwalifikasie (AVCASA), asook 'n Honneursgraad in Interne Ouditkunde. In 2010 het hy as 'n Gesertifiseerde Interne Ouditeur (CIA) gekwalifiseer en hy het sy klerkskap by by PwC voltooi. Sedert 2011 is Chris in die landboubedryf betrokke as Risikobestuurder, Interne Ouditeur en Forensiese Ondersoeker. Hy was tot in 2018 by NWK in Lichtenburg werksaam, en vanaf daarna tot 2020 by Suidwes in Leeudoringstad as Bestuurder van Interne Oudit en Risiko.

Chris se "boer-droom" is bewaarheid toe hy in 2012 saam met Willie Marais 'n beesboerdery begin het. Die 2015/16-droogte het sy tol geëis en alhoewel hartseer, het hy 'n reuse les daaruit geleer. Hy sê tong in die kies: "Bewaar en bestuur eers die hulpbronne, boer dan met beeste." Die Skepper se genade asook sy ondervinding, veral in risikobestuur, het hom voorberei en gelei in sy denke en passie vir vooruitbeplanning, gewasbeskerming, opbrengsmaksimering en doelgerigte winsgewendheid. Wilco du Toit van Laeveld Agrochem in Lichtenburg het hom aan die bedryf bekendgestel en sy droom om op grondvlak in landbou betrokke te wees, is só bewaarheid.

GEWASSE: Rygewasse

AANBIEDING: Oes-beskerming, plantvoeding, presisiedienste

Hy spandeer graag tyd saam met sy gesin. Marli is ook baie lief vir die buitelewe – daarom is visvang, jag en kamp hoog op hul ontspanningslys. "Eendag as ek groot is, wil ek deur Namibië en Botswana toer en tiervis in die Zambezirivier gaan vang." Sy maats ken hom as 'Chris kitaar' omdat dit vir hom lekker is om hulle langs 'n kampvuur met musiek te vermaak.

Onafhanklikheid is vir Chris 'n groot dryfveer. Om vir jouself te werk is 'n groot verantwoordelikheid, maar as argitek van sy gesin se toekoms is dit vir hom 'n reuse voorreg om onafhanklik te kan funksioneer.

Chris gaan aanvanklik in Leeudoringstad en die omliggende gebied op rygewasse fokus. Sy missie is om 'n verskil in die landboubedryf te maak deur boere by te staan om die volle waardeketting te ontlok, deur groter klem te plaas op winsgewendheid per hektaar en nie die onderskeie boerderydissiplines net saam te poel nie. "As jy meet, sal jy weet," verduidelik hy. Daarom is dit vir hom belangrik om, voor enige insette aangegaan word, eers die potensiaal vir winsgewendheid te bepaal en te evalueer.

"Niemand ken my hart soos die Here nie en met Hom langs my weet ek dit vat net een klein klippie . . . Ek is opgewonde oor landbou en voedselsekuriteit, die ekonomiese groei in die landbousektor beklemtoon dit. Ek sien uit om saam met hierdie netwerk van spesialiste die nuwe uitdaging aan te pak." sê hy.

Vir professionele advies: Tel: 060 976 6186 E-pos: lubbe@laeveld.co.za

Saam boer ons vooruit - Farming together for success